OORSIG VAN DIE GEBEURE IN NATAL TUSSEN EINDE 1837 TOT NOVEMBER 1838 RAKENDE VOORTREKKER EN ZULU; INSLUITENDE DIE BEGRIP RETIEF-DINGANE TRAKTAAT

Marius Swart

Die Groot Trek was nie iets totaal eiesoortig, iets onbekends, vreemd of eenmalig nie. Vir enkelinge, ŉ gesin of groepe om te verhuis, is ŉ werklikheid, ŉ voortgesette verskynsel, ŉ proses tot in ons eie dag.

Reeds in Genesis lees ons van die swerwende veroweraar Nimrod. Die Jode se tog uit Egipte na die huidige Israel is steeds ŉ internasionale faktor. Rooihuide het circa 30 000 jaar gelede vlaag-gewys vanaf die Baikal-meer in Oos-Siberië oor die Bering-straat na Noord- en Suid-Amerika uitgewyk; tans *Indian Americans* genoem . Die Hunne is deur Asiatiese groepe verdryf, wat weer die Germane opgejaag en laasgenoemdes tot die Romeinse Ryk laat toetree en vestig het. Vikingers het oor eeue na Wes-Europa, Rusland en die Britse Eilande gestroom.

Die Kaap is aangevul met slawe van wyd af, met Franse Hugenote, ander Europeërs, en in 1820 met Britse Setlaars vanweë Londen se staats-kulturele oogmerke. Australië en Nieu-Seeland lok tot vandag toe wyd mense wat ook van ons Voortrekker-nasate insluit.

In Suid-Afrika het Swart gemeenskappe vanuit die noordelike kontinent al vegtende en trekkende suidwaarts beweeg. Tydens die *difaqane/mfecane (*circa 1815-1835*)* het stamme mekaar sodanig benadeel dat hongersnood, vlugtogte, kannibalisme en streek-ontvolkings ingetree het. Tog het J. Cobbing met sy: *The Case Against the Mfecane* (1984), en J. Wright met sy *Political mythology and the making of Natal's Mfecane* (1988) die hele gedagte verwerp/ánders verklaar. Vergelyk H.J. van Aswegen:*History of SA to 1854* (1990), p.242.

Maar, die Voortrekkers(!) het van hierdie chaos deels help beëindig. Tegelyk het dit die gebiede waardeur die meeste Voortrekkers oor ŉ dekade sou beweeg ook vir húlle méér problematies gemaak.. Op die koop toe was die Voortrekkers van 1830/1840 vasgevang tussen die berekende Britse ekspansie-drang en die talle Swart stamme wat eweneens beweeg, geveg en andersins groepeer het. Immers, Swart gemeenskappe vanuit die noorde het meer keer heel suid ook met swerwende San- en Khoi-groepe gebots.

So het Dingane (c. 1790-1840) se ryk tussen 1828-1838 uiteindelik ŉ ontsaglike terrein beslaan. Dit het gestrek van die Umzimkulu- tot die Pongola-rivier, en vanaf die see (Port Natal, 1824) tot aan die voet van die Drakensberge. Hy het dus nie ŉ praktiese behoefte daaraan gehad om aan hierdie hele gebied vas te klou nie. Die beskerming daarvan, as sy eiendom, was andersins egter vanselfsprekend.

Dingane was nietemin tereg onrustig toe al hoe meer Engelse handelaars en jagters plus verkennende Boere Natal besoek. Op die koop toe het hierdie Witmense nie dieselfde taal gepraat nie en was hulle kultuurstyl....anders. Voorts het Zulu-verset onder Nqetho

baie Zulu's in 1829 laat wegbreek. Die Engelse koning!? weer was ver weg en oorkant die see. Daarom het Dingane in 1830 'n afvaardiging na Kaapstad gestuur om by die....bron meer, ware feite te bekom. Reeds by Grahamstad is hulle egter deur Britte sleg behandel...Te veel Blankes het ook oor vuurwapens en ryperde beskik. Eers was daar ook net Engelse sendelinge by hom, maar teen 1837 selfs Amerikaners....Boonop alles het Boere in hulle waens met gesinne blý aankom - om te vestig, en om óók met beeste te boer - nadat kleiner ekspedisies in Port Natal en elders navrae oor elke ding kom doen het. Dingane se verspieders en boodskappers was oral, want selfs in eie geledere het hy lig geloop. Hy het besef te veel verdraagsaamheid kan as swakheid vertolk word. Daarom skep hy self die agterdog, stel hy voorwaardes, maak hy beloftes. Selfs Shaka (regeer...1818-1828), sy voorganger vir wie hy persoonlik help vermoor het, het vroeër die Port Natal-gebied aan andere beloof....

Maar terug na die Voortrekkers. Reeds teen 1820/25 is die Oranje-rivier op groot skaal deur individuele Blanke grensboere oorgesteek. Eers was dit verkenners, toe vee-boere, jagters en seisoengroepe wat later in Trans-Oranje gevestig het. Maar haas in elke opsig was hulle aan die Kaaps-Britse owerheid lojaal. Die Groot Trek se Voortrekkers daarenteen was veral ná die Sesde Grensbotsings van 1834/36 deel van 'n volksverhuising vanweë vaste, geregverdigde griewe met eise en eie ideale. Hieronder val eerstens Hans van Rensburg en Louis Tregardt.

Gert Maritz (1797-1838) het in September 1836 as welgestelde, voorbereide Trekleier van Graaff-Reinet af vertrek. Piet Retief (1780-1838) het in Februarie 1837 noord....van Grahamstad padgegee. Hendrik Potgieter (1792-1852) het in Oktober 1836 by Vegkop teen die Matabeles van Mzilikazi onder Mkalipi gewen, in Januarie 1837 by Mosega met Maritz weer teen die Matabeles - waarna laasgenoemde in November 1837 oor die Limpopo-rivier padgegee het. Piet Uys (1797-1838) het in April 1837 van Alexandria af getrek. Karel Landman (1796-1875) het in Oktober 1837 van die Paterson-kontrei af deur Trans-Oranje tot in Natal getrek.

Daar was dus die ses, sewe, agt hoofgroepe Voortrekkers wat teen....1837 klaar getrek het. Maar talle kleiner eenhede het op hulle eie getrek of by hoofgroepe aangesluit. In totaal het...15 000 Trekkers teen 1838 grootliks klaar beweeg gehad. Dit was dus geen geringe werklikheid nie. En só maklik spot, verwyt onkundiges vandag oor die twis tussen die leiers ten opsigte van watter roete, onder welke leier gevolg moes word. Watter pad? Trek 'n groep in die somer of in die winter, met meesal beeste of skape, is daar water en weiding, hoeveel waens is in die geselskap, is die terreine vol Swartes of is die omgewings verwoes?

Hendrik Potgieter wou binnelands noordwaarts beweeg, want waar die see is, is die Engelse - 'n kernoorsaak van Trekker-probleme. Retief wou juis die see naby benut, want, daar moet handel gedryf word - met Engeland en met Nederland. Piet Uys wou 'n Britse onderdaan in en om Port Natal bly om sý goeie redes. Maar almal was dit eens dat die Grens-verwoestings van 1834/36 'n beslissende rede vir meerdere Trekkers was. Geboue (450) is afgebrand, 5 000 perde, 110 000 beeste plus 160 000 skape/bokke is weggevoer. Die Kaaps-Britse owerheid se hulp, reaksie en simpatie was....nul. .Trouens,

vorentoe is die aankoop van ammunisie verder bemoeilik; is Trekkers op pad se waens deursoek en kruit gekonfiskeer.

Op 2 Februarie 1837 verskyn Retief se *Manifes* in die *Graham's Town Journal* . In tien stellings sit hy die redes vir die landverhuising uiteen: Boere-vooroordeel deur Londen se amptenare aan die Kaap, volgehoue plundering deur inboorlinge, die wyse van slawe-vrystelling en die haas geen kompensasie deur die owerheid, plus persone "onder die dekmantel van godsdiens" wat in Engeland geglo word - maar dat hierdie vooroordeel tot die ondergang van die hele land sal lei. Voorts sit hy dan uiteen hoedanig die Voortrekkers wel in die binneland sal optree - onder andere dat verdrae met die Swart stamme gesluit sal word ná 'n eie beleid verduidelik is.

Retief het dan ook later met Moroka van Thaba Nchu se Rolongvolk 'n skriftelike ooreenkoms gesluit; met Towane en Mosjesj eweneens. Maar oor jare het Retief ook meer keer met uiteenlopende persone per brief geskakel: goewerneur D'Urban, luitenant-goewerneur Stockenström, luitenant-kolonel Scott, Oos-Kaapse grensfigure soos Duncan, Campbell, Hope, Rivers, Armstrong - en die redakteur van die *Graham's Town Journal.* Met sy afskeid het hy al sy korrespondensie aan Louis Meurant as eienaar van die *Graham's Town Journal* oorhandig ten einde sy sake af te handel. Dit alles getuig van 'n ouer, gelouterde, bekwame, geordende mens.

Verder is dit op skrif dat Retief die rol van Britse sendelinge as 'n ernstige rede vir die Groot Trek aangeteken het: agente van Britse imperialisme, hulle beswaddering en benadeling van alle Boere, plus die verskoning/regverdiging van misdade en gruwelikhede van die swerwende, gewapende grensbendes juis teen Boere gepleeg.

Geen wonder nie dat die Kaapse Kerk in Oktober 1837 met 'n Sinode-besluit bepaal het dat hy hom amptelik losmaak van sy.....tien duisende eie lidmate wat oor 'n hele paar jaar reeds verder weg en algaande permanent verhuis het. Dalk het die feit dat die Kaaps-Britse staat die traktemente van die Kaapse predikante uit Londen betaal het óók 'n rol hierin gespeel....Maar die Kaapse Kerk weier dus met hierdie besluit om sy roeping as Kerk te vervul: hy sal nie die Trekkers besoek of 'n predikant help voorsien nie; nie doop, kategese, huweliks- en kerkraadsbevestiging of Woordverkondiging bedien nie. Die Londense sendelinge egter was wyd in die binneland met meer as Kerk bedrywig. Wel, ook Dingane is deur haas al die sendelinge verwar....

Terloops, John Philip (1777-1851), van die Londense Sendinggenootskap, het in 1819 aan die Kaap geland. Vooraf is 'n doktorstitel vir hom gekoop, van die Universiteit van Columbia, en in 1820 'n verdere een van Princeton College. Die direkteure van die Londense Sending-Genootskap het vir beide titels betáál omdat die "Hollands-sprekendes aan die Kaap besondere betekenis aan sodanige titels heg en dat dit dus dadelik aan Philip status sou besorg." Wel, Philip het gewis die Boere gekasty en die sendelinge ondersteun. Voor die Trekkers wyd in 1837/38 in Natal aangekom het, het juis John Philip reeds in daardie rigting Britse uitbreiding oorweeg. (S.A Biografiese Woordeboek, band1)

Dieselfde geld goewerneur Charles Somerset wat Engels aan die Kaap bevorder het; juis in Kerk, skool en staatsdiens. Teen 1836 was die druk hieroor sodanig dat dit algaande as ŉ verdere rede vir die Groot Trek genoem is. Tog het Retief en die Engelse in Port Natal mekaar dadelik gevind - want hy het deeglik in die Oos-Kaap met hulle geskakel; ook skriftelik.

Dingane, weer, was verras toe sy oudste halfbroer Shaka in 1816 onverwags as koning bevestig is. Dingane het homself te meer hierna onttrek, maar in 1828 Shaka persoonlik help doodsteek. Baie potensiële bedreigers is weldra vermoor - saam met Shaka se vroeëre vertrouelinge. Dingane se agterdog en magsoeke het egter eerder toegeneem. Sy ontsaglike hoofkraal, Plek omring deur Olifante - *Umgungundlovu*, waar nooit iets geplant of gesaai is nie, het hom verder afgesonder, maar tegelyk ŉ maghebber help word. Hy is hier omring deur sy verspieders, nuusdraers, ŉ harem van wettige en benutbare vroue, plus 20 000 permanente krygers in 1500 hutte op die heuwel *Hlomo Amabutho:* die plek waar die regimente versamel. Digby, maar duidelik eenkant, het Moordkoppie gelê: *Kwa Matiwane* - die naam van ŉ vroeëre, sterk, wegbreekleier wat grusaam tereggestel is. Dingane het....eenkant gewoon, buite die hoofstroom opgetree, manipuleerder, meedoënloos en ŉ belofte-maker.

Op die koop toe het sendeling-en-kaptein Allen Gardiner in 1835 by Dingane gevestig. Maar hierdie man het gewis eie en Brits-Londense belange bevorder. Op ‘n tydstip is hy terug na Engeland, maar met sy terugkeer het hy en van sy Britse genote van Port Natal...verskil. Wat ook opval, is dat die Engelse van die hawegebied in 1837 Dingane met wapengeweld gedreig het toe hy menings uitgespreek het wat hulle ontstel het. Toe ook eerwaarde Francis Owen as sendeling hierna in Dingane-stat vestig, was Dingane weer duidelik omgekrap. Spanning was daar dus gewis.

Die probleem het vergroot toe dit blyk dat reeds Shaka, dus vóór 1828, en later Dingane, grond aan Fynn, King, Isaacs, Collins en Gardiner “afgestaan” het. Daarom het Owen en Gardiner verstaanbaar beswaar gemaak dat Dingane glo grond aan die Boere wou afstaan wat hy (Dingane) reeds vroeër aan Port Natalse Engelse toegestaan het! Telkens was daar ook.....Engelssprekende sendelinge...op ŉ manier hierby betrokke..... Juis in Oktober 1837 het Dingane vir sendeling Francis Owen toegelaat om in die hoofvesting te kom woon.....

Piet Retief het in Junie 1837 met Gert Maritz se Trek onderling nader gebind. Veiligheid, dus moontlik verdere straftogte, moes oorweeg word asook weiveld, administrasie en ŉ eindbestemming van die Trek. In Julie 1837 het Retief ŉ roete oor die Drakensberg laat verken om in Natal af te daal. Reeds in September het hy finaal besef dat hy wel self in Natal wil vestig. In Oktober staan hy in Port Natal - en vind dadelik goeie skakeling met die Engelse aldaar.

Hy wou vroeër, en kry bevestiging daarvoor alhier, veral ook met Dingane as Zulu-koning persoonlik skakel. Daarom skryf hy sodanige brief (21.10.1837) onmiddellik en vooruit, vra hy om ŉ onderhoud, noem hy die feit dat hy vir sy mense grond soek om te

vestig. Daarmee erken hy Dingane as koning en in beheer. Retief vra voorts om ruimte in die onbesette deel van Natal, en dat hulle in vrede met die Zulu wil leef.

Wat desnoods 'n fout was, met agterna-insig, was Retief se verwysing na die lot wat Mzilikazi se Matabeles getref het, vanweë hulle rooftogte, aan die hand van ander Voortrekkers. Dit moes Dingane gewis dieper laat nadink het, want hy het vóór Retief se aankoms met Gardiner as sendeling-filantroop soveel te meer gesprek gevoer. Thomas Halstead het Retief, vanweë Retief se brief om Dingane te besoek, as tolk en gids na Dingane vergesel. Halstead het Hollands en isiZulu op 'n manier geken en het nie oog om oog met Gardiner gesien nie. Op Sondag 5 November 1837 was Retief en vyf Voortrekkers by Dingane se hoofkraal. Britse handelaars en andere het natuurlik die vesting-stat aan en af besoek om ivoor te ruil, snuisterye te bekom, of om te praat oor gewere wat Dingane telkens wou bekom omdat dit.....sterker as sy assegaaie was!

Ook Retief-hulle is vir enkele dae deur Dingane laat wag vóór daar gepraat is; met eerwaarde Francis Owen ook by. Dit blyk toe dat Dingane vir Retief beskuldig het dat Retief-hulle van Dingane so.....300/700 beeste gesteel. het. Intussen het die Zulu-krygers danse uitgevoer en kon Dingane sy besoekers deurkyk, opsom. Retief het sy enkele saak gestel: ons het gekom om wettig grond te verkry sodat ons mense kan begin vestig. Maar die diefstal-klag is verwerp, want Retief kon bewys dat dit Sekonyela se Tlokwa-impi was wat op perde en met gewere van Dingane se beeste gesteel het.

Om die werklikheid hiervan te bevestig, moes Dingane se een kaptein Retief-hulle vergesel om, in goeie trou, die beeste te gaan terughaal. Dingane se slotsom was: bring die vee en ek sal aan die Voortrekkers grond tussen die Tugela en die Umzimvubu-rivier afstaan. Hieroor is daar nie twyfel nie, want vir Retief was dit 'n voorwaarde. Retief het immers self gewéét dat hy nie by die spanninge tussen twee Swart hoofde betrokke moet raak nie. Dingane was dus onredelik met hierdie voorwaarde. Met 'n kalm gemoed kon Retief nietemin Dingane-hulle verlaat, want hy sou sy kant van die saak nakom, en Dingane het belowe om sý belofte van grond na te kom.

Retief se eie boodskappers het die nuus vooruit, en dalk effe voortydig, oorgedra dat hulle wel die grond, deur Dingane beloof, toegestaan is. Binne veertien dae het van die Trekkers begin gereed maak om Natal te betrek; aanvanklik langs die bo-lope van die Tugela-rivier.

'n Dankdiens is daarom op Sondag 12 November 1837 by BlydeVooruitzicht/Kerkenberg gehou - op Retief se 57ste verjaardag. Op 14 November 1837 en vir so 14 dae daarna is ongeveer duisend waens die berge af tot in Natal. Op Sondag 3 Desember 1837 is weer 'n dankdiens gehou, volgens 1 Sam. 7 vers 12: Ebenhaëser - tot hiertoe het die Here ons gehelp.

Trekleiers Potgieter, Uys en Maritz het vanuit hulle eie posisies algaande aangekom. Retief self het teen 25 November 1837 weer sy eie Trekkergroep bereik; vergesel van enkele Zulus wat Retief na Sekonyella sou vergesel het.

Retief, so 50 Voortrekkers en Thomas Halstead as tolk, plus enkele Zulus is inderdaad einde Desember 1837 weg na Sekonyela. Op 5 Januarie 1838 kon hulle maklik en vinnig besin oor Dingane se 300 gesteelde beeste. Retief het ook 53 perde en 33 gewere afgeneem omdat dit duidelik vroeër Voortrekker-eiendom was, en omdat Sekonyela inderdaad Dingane probeer bedrieg het dat die vee-rowers Boere was. Tegelyk het Retief sy eie Christelike standpunt oorgedra; tot groot waardering van John Edwards, die sendeling aldaar. Teen 11 Januarie 1838 was die Retief-afvaardiging terug in Dingane se domein.

Met sy terugkeer van Sekonyella af was Retief vergesel van talle enkeling-Zulus wat ook as werkers by Trekker-gesinne aangemeld het. Tereg kan aanvaar word dat sommige van hulle gewoon Dingane se verspieders was.....Retief moes egter nog oor sy opdrag-eis van die Zulu-koning verslag gaan lewer, plus die dokument rakende Dingane se grond-belofte aan die Voortrekkers laat onderteken. Vir Retief was dít vanselfsprekend.....

Tussen die leiers Maritz, Uys en Retief was daar egter nie eenstemmigheid oor wie, wanneer en met hoeveel Voortrekkers die verslag, rakende die vee gaan terughaal by Sekonyella, aan Dingane afgelewer gaan word nie. Deels was hierdie onsekerheid verhoog deur die baie gerugte in omloop dat Dingane ’n aanval kon loods, of verraad kon pleeg. Die Voortrekkers het natuurlik elkeen die reg op ’n eie beskouing gehad. Vir die Zulus het slegs Dingane vir almal oor alles alleen besluit; ongeag die standpunt van sy verspieders en raadgewers deur hom aangewys. Voortrekker H.P. Malan byvoorbeeld het van die sendelinge by Dingane en van die Britte rondom Port Natal as opstokers gevrees – en sy mening uitgespreek.

Die feit dat Andries Pretorius uit Graaff-Reinet se omgewing, met ’n groot gevolg, reeds in Oktober 1837 die binneland verken het, was ’n ware vertroosting vir die Trekkers. Hy en Maritz het reeds einde Oktober 1837 by Heidelberg op die Hoëveld ontmoet. In November was hulle twee ook gemoeid met die afhandeling van die verdeling van die Trekker-vee wat met die tweede veldtog teen Mzilikazi teruggewen is. Op 15 Desember 1837 het Pretorius, Maritz en Retief by die Tugela-rivier ontmoet. Pretorius het op 22 Desember na Port Natal vertrek. Hier het hy die plaas *Summer Hill* van Thomas Garden gekoop. Hy gaan dus gewis in Natal kom vestig. In Januarie l838 was Pretorius by ander Trekkers aan, langs die Tugela-rivier, terwyl hy Retief ontmoet het ná die sukses teen Sikonyella behaal. Beide manne was saam oortuig van hulle toekomsvisie en beplannings.

Piet Retief het hierna die wyse besluit laat neem om slegs met vrywilligers wéér na Dingane te gaan. Dis immers hý (Retief) wat die gesprek met die Zulu-koning gehad en die vee by Sikonyella inderdaad gaan terughaal het. Maritz en andere was nie gelukkig nie, want sou Dingane toeslaan, was dit ’n ánder leier - dalk hyself - en slegs enkele Voortrekkers wat sterf. Maar, weldra is Retief met 70 vrywillige Trekkers en so 30 eie helpers plus Thomas Halstead as tolk op 25 Januarie 1838 - ná ’n kerkdiens - van die ander Trekkers af daar weg. In die geledere van haas al die Trekkergroepe oral rond was natuurlik talle vroeëre slawe.

Op sy beurt het Dingane op 2 Februarie 1838 sendeling Francis Owen na hom ontbied, want hy sou glo vrede in sy gemoed gehad het oor Retief wat die gesteelde beeste sou terugbring. Verder belowe hy: sy krygers sal met vertonings sing en dans, daar sal slagbeeste voorsien word, en hy belowe om aan die Voortrekkers grond te gee waar hulle kan gaan woon. Dus, alles soos wat Retief ten regte kon verwag.

Dingane het egter skielik verder versoek dat die Retief-groep nie met hulle perde sy stat moet binnekom nie. Toe Owen hom op die praktiese probleme hieromtrent wys, het Dingane ingestem.....sodat die beste dansers dan teen mekaar kan wedywer: Zulu-impi teen Voortrekker-ruiter te perd. Niemand is ooit in elk geval toegelaat om gewapen by Dingane aan te doen nie.

Op Saterdag, 3 Februarie 1838, het Retief-hulle voormiddag met geweerskote te perd hulle aantog uitbasuin. 'n Vertoning is gelewer - met 'n Zulu-dans deur die krygers net daarna. Die Voortrekker-groep het hierna buite die stat gaan afsaal. Hier het 'n Zulu-boodskapper skielik namens Dingane ook die perde en gewere kom opeis wat Retief óók by Sikonyella as straf afgeneem het. Maar Retief het dit minagtend verwerp. Desnoods wou Dingane gewoon Retief-hulle verder verswak, of toets. Maar Dingane se beeste, deur Sikonyella geroof, is nietemin volgens ooreenkoms deur Retief terugbesorg!

Die Sondag, 4 Februarie 1838, is Retief weereens deur Dingane na die koninklike kraal ontbied. Weer was die tolk Thomas Halstead en enkele Zulu hooffigure teenwoordig. Die afvaardiging na Sekonyella, met die gevolge, is nogmaals en volledi ger opgehaal. Retief het op alles bevredigend geantwoord - ook wat Dingane se nuwe vrae oor Mzilikazi vroeër betref. Dingane was dus werklik op hoogte van sake. Die Voortrekkergetalle en –suksesse moes hom gewis geraak het.

Retief het natuurlik voortydig self ook, desnoods met Halstead se hulp, ten regte oor 'n dokument, gedateer 4 Februarie 1838 , beskik. Dis opgestel asof dit Dingane is wat praat/skryf, want dit lui dat.....aangesien Retief die vee van my (Dingane), deur Sekonyella gesteel, teruggeneem het en aan my (Dingane) terugbesorg het, dra ek (Dingane) aan Retief en sy geselskap oor, as beloning vir die dienste gelewer, soos pas beskryf, die plek Port Natal genoem, en met die geannekseerde grondgebied daarmee saam; dit wil sê .....van die Tugela- tot die Umzimvubu-rivier weswaarts, en van die See af noordwaarts tot so ver as wat die grond nuttig en in my (Dingane) besit is, maar wat ek (Dingane) nou afstaan as ewigdurende besitting van hulle (Retief en sy mense) eiendom.

Dis duidelik dat Retief vroeg Februarie 1838 finaal die uitstel-, belofte-, systap-, nuwe-voorwaardes-taktiek deur Dingane van die begin af gevolg, raakgesien het. Terwyl die taak wat hyself (Retief) aanvaar en afgehandel het (rakende Sekonyella), nou dadelik afgesluit moet word ten einde met sy eie mense amptelik en finaal te vestig. Ook Dingane het Retief reeds as so iemand leer ken....plus: hy wat Dingane is, was intussen volledig militêr, sielkundig voorberei en ingelig om op Retief en spoedig ook op die niksvermoedende (?) Trekkers, op 'n bondel in Natal uitgesprei, met meedoënloosheid toe te slaan.

Verder het Dingane volledig besef al die Voortrekkers is nie tydelike handelaars, jagters of sendelinge nie. Dis gesinne, 'n volk in aantog. Maar uit Kaapstad sal nie spoedig hulp kom nie....Hy kan dus maar teken terwýl Retief so knaend, inskiklik en meewerkend is. Daarna vermoor ek die Retief-geselskap op bose wyse, ek (Dingane) verskrik daarmee al die Trekkers wat algaande reeds begin vestig het en ek beroof hulle van hulle trekdiere - wat die Trekkers dus sal vaspen. Op die koop toe sou Dingane sy eie mense beïndruk, hulle ondersteuning verder geniet en moontlike verset in eie kring stuit.

Die Retief-Dingane Traktaat is daarom, gedateer daardie Sondag 4 Februarie 1838, inderdaad deur Dingane onderteken, plus die drie getuies aan elke kant - Boer en Zulu. Retief sou daarop aangedring het, want dis in wese al wat hy (Retief) reeds twee keer kom doen het. Dingane weer het elke denkbare voorsorg en plan reeds klaar gereed gehad om toe te slaan. Hy moes dus te meer die skyn van opregtheid en gerusstelling handhaaf deur te teken. Al toegewing wat 'n mens sou kon maak, was dat M. Oosthuizen, A.C. Greyling en B.J. Liebenberg wel op 4 Februarie as Boere-getuies geteken het. So ook die Zulus Maoro, Julawusa en Manonda wat hulle merk gemaak het, want hulle kon nie lees of skryf nie.

Maar Dingane (wat ook nie kon lees of skryf nie) kón desnoods nog op Maandag 5 Februarie "geteken" het toe hy en Retief wéér saam in die hoofkraal onder vertonings-omstandighede was. Ondertekening het in elk geval niks vir Dingane ingehou nie. Retief daarenteen wou gewis Dingane se merk op papier sien en hy hét. Dat Dingane die oggend van Dinsdag, 6 Februarie eers geteken het, en die ander almal vroeër of ook toe eers, kan uitgesluit word. Professor C.F.J. Muller beweer Dingane het wel eers die 6de onderteken, maar ja, dis inderdaad deur Dingane ook onderteken. T.R.H. Davenport in sy *South Africa, A Modern History* (1991), skryf op p. 70: "After first signing a paper which granted the land between the Tugela, the Umzimvubu and the Drakensberg to the Boers, Dingane had Retief and his party murdered on the same day." Dit moet dan die Dinsdag, 6 Februarie wees. Dog op die onwaarskynlikheid hiervan is duidelik gewys. Maar weer, Dingane het inderdaad....."geteken"/ sy merk gemaak. Davenport skryf verder (p.98): The best known of these cessions, that made to the Voortrekker leader Piet Retief in February 1838 provided the territorial basis for the Voortrekker Republic of Natalia."

Daardie oggend (6.2.1838) het Retief rééds die ondertekende dokument in 'n omhulsel toegevou gehad en dít weer was veilig in sy spesiale bladsak van leer teruggeplaas - soos dit ....tien/elf maande later op Moordkoppie dan ook feitlik ongeskonde teruggevind is. Verder, op die 6de het Dingane die soveelste "aanbieding" heel voortydig verlaat ....om die komende moorde van elders af dop te hou. Dingane het immers die wranghede self volledig uitgewerk gehad, want daar was nie sprake van selfs 'n enkele Boer of helper wat dalk sou wegkom om die Voortrekkers elders hoegenaamd of betyds te gaan waarsku nie.

Dieselfde oggend ook het die Zulu-impi só naby aan Retief-hulle gedans dat hy (Retief) aan Dingane gesê het om die impi-dansers te beveel om verder weg te beweeg. Dan kon

Dingane gewis nie toe eers nog ’n dokument ook onderteken het nie! Met almal se “handtekeninge” egter in sy bladsak was Retief bereid om nog twee keer ongewapen en ontspanne vir verdere vertonings terug te keer.

Terloops, teen 1838 het die Romeins-Hollandse Reg aan die Kaap nog sterk gestaan; ongeag Britse regsbeginsels wat begin meespreek het en wat regsveranderinge tot gevolg gehad het. Maar die beginsel het steeds duidelik meegespreek dat eiendom byvoorbeeld, soos grondgebied, wat aan iemand anders voor getuies belóóf is, wel as oorgedra beskou kan word sonder die nodige handtekeninge. Dit was oorbekend dat Dingane meer keer van sy grondgebied aan andere sou belowe het om oorgedra te word - soos met sy en Retief se reëling rakende die terugwen van beeste by Sikonyella. Dit alléén kon wetlik oordrag geregverdig het met of sonder handtekening. Retief se eie handtekening (wat ontbreek) was eweneens nie nodig nie, want hy was as die begunstigde namens die Voortrekkers aangedui.

Verder, B.J. Liebenberg skryf op p.252 van sy boek: *Andries Pretorius in Natal* (1977) dat (koning) Mpanda (Dingane se opvolger) en die Zulu Smekane ’n koopbrief tussen ’n Spies en ’n De Lange op 7 Januarie 1849 (dus 9 jaar later) onderteken het en “albei handtekeninge ’n gekrabbel soortgelyk aan díe van Dingane op die bekende Retief-Dingane-ooreenkoms.”

In die Zulu-skrywer, Credo Mutwa, se boek: *Indaba, my children,* soos deur d’Assenville aangestip, kán die indruk gewek word dat Dingane skielik deur woede oorval is toe hy besef het dat die Brit Thomas Halstead - vry lank reeds ’n handelaar en tolk, in daardie eerste dae van Februarie 1838 betrap is dat hy, boonop as ’n vertroueling, ingeloer het by die afgesonderde woon-area van Dingane se harem. Iedereen het tog vooraf gewéét dat die straf hiervoor slegs die dood was! Kortom, toe is glo sommer beslis om dan die .....honderd siele by Retief-hulle ook te vermoor. Nee, die militêre presisie waarmee Retief-hulle man vir man oorrompel is, plus die verskrikkingstogte twee weke later teen die wagtende Voortrekkergeselskappe uitgevoer, dui op Dingane se vooraf, bekwame, berekende paraatheid en oogmerke. Dit is verder net moontlik dat Dingane op ’n tydstip besef het/vermoed het, dat Halstead vir Retief met die opstel van die Traktaat bygestaan het, en vandaar die wrede lot wat Halstead ook getref het, maar die beweerde afloerdery by die harem deur Dingane as ’n verskoning teen hom gebruik het.

Nietemin, terug na die verloop. Ná die gru-moorde van 6 Februarie l838 het Dingane se....10 000 krygers die Voortrekkers-in-laers op 16/17 Februarie oorrompel, verskrik, verwar, gewond, grusaam vermink en gedood. Dit sluit man, vrou, kind en ingeboekte bediendes in. Die gebiede Moordspruit, Bloukransrivier, Weenen, Colenso, Estcourt het smartmerke gelaat. Letterlik duisende skape, beeste en perde is gewoon weggevoer en waens verwoes. Altesame 282 Voortrekkers is gedood, waarvan 185 kinders was en dan ongeveer 200 arbeidshulpe.

Gert Maritz, altyd goed georganiseerd en bedag, het snel, deeglik, omvattend aan die totale wrangheid begin opruim - lyke begrawe, kos voorsien, gewondes versorg, militêre hergroepering, laers byeenbring, nuwe leiers aanwys, boodskappe om hulp uitstuur,

weeskinders versorg, skuilings herstel. Terloops, die Voortrekkers het dwarsdeur die Trekjare vry gereeld briewe aan familie, sakelui en die Kaapse owerhede geskryf. Sodanige nuus op skrif het later betroubare eietydse inligting bevestig - soos hier ook weer.

Op 6 April(!) 1838 het Hendrik Potgieter van elders af aangekom. Spoedig ook Piet Uys. Met so.....350 manskappe, slegs op perde en sonder waens, is teen 'n Zulu-mag as straf opgeruk. Maar te veel taktiese foute is begaan. By Italeni-berg is die Voortrekkers ook gans te maklik in 'n Zulu-lokval gelei (10 April 1838). Hier het Piet Uys en sy.....veertienjarige seun Dirkie plus nege Boere gesneuwel. Dirkie se lyk is nog nooit gevind nie. Die neerlaag was vernederend, verwarrend, verdelend en verder verswakkend. Op die koop toe het Potgieter met sy eie trek hierna finaal Natal verlaat - begrypend halsoorkop, maar dit was altyd sy ideaal om in die latere Transvaalse binneland te vestig. Vandaar nogtans die begrip *Vlugkommando,* hoewel meer en ander faktore darem ook gegeld het - soos militêre Zulu-vernuf.

By die meeste reeds en steeds verbysterde Trekkers het byna wanhoop oorgeneem. Maar Gert Maritz het vas gestaan; ongeag die ergste militêre neerlaag van die Trek-fase. Hy het persoonlik 'n groep gelei om in Port Natal voorraad van elke aard aan te vul. Algaande het Kaaplandse Afrikaners se besondere noodhulp aangekom. Op sy eie beurt was Dingane egter vasbeslote om ook sy vierde slag te wen. Eers Retief-hulle, toe die laer-moorde en daarna Italeni. Op 13 Augustus 1838 het 10 000 impi by Gatslaer (later Veglaer genoem) die egter voorbereide Trekkers aangedurf. Hier was daar 'n buitelaer van 75 burgers plus 'n binnelaer met die vrouens en kinders. Elke moontlike opening, soos by die wa-wiele, is met takke dig gemaak. Oor twee, drie dae het die Zulu-impi meedoënloos met stormlope en geskreeu bly toeslaan. Maar die weerstand is behou. Zulu-lyke het reg rondom die laer egter vir almal 'n probleem geskep. Die Boere-verset het die Zulu ook laat.....huiwer, want dit was nie so maklik soos die vorige drie keer nie - wat álles betref. Weer het hulle egter met die Voortrekkers se verskrikte diere gewyk. Dog ook die Trekkers moes weldra hier padgee en het by Sooilaer weer saamgetrek - waar die bekwame Gert Maritz egter op 23 September (41) aan malaria oorlede is.

In eie Natalse geledere was daar nie nou meer die ware, benodigde leiers vir die voorste linie beskikbaar nie. Maar gelukkig het Andries Pretorius met manskappe op 22 November 1838, wel sonder sy eie Trek-groep, in Natal aangekom - ná sy wye besoek van Januarie tot in Port Natal, en gesprekke met mense soos Retief en Uys, Maritz en Potgieter. Verder het Pretorius met briewe, eie beplanning, voorsorgmaatreëls, sterk dissipline en 'n beleid van aanval hom voorberei om Dingane in eie opset te gaan aandurf.

Ná die Voortrekker-sukses op Sondag, 16 Desember 1838, by Bloedrivier behaal, is met die oorspronklike ideaal volhard: om Dingane in Umgungundlovu te verslaan. En hier was behoorlik alles reeds deur eie brandstigting in puin gelê - met Dingane 'n vlugteling.

Wat oorgebly het, was om die Retief-groep se verwaaide, verminkte geraamte-oorskotte op Moordkoppie na te gaan. Hier en daar is 'n stuk verflenterde klere van 'n familie-lid herken. Ander wrang oorblyfsels is nagegaan. Daar was atmosfeer, ootmoed en

verslaenheid. Toe ontdek E.F. Potgieter op 21 Desember 1838 die bladsak van Piet Retief, en daarbinne die oorspronklike ooreenkoms van 4 Februarie 1838. Net daar het Trek-sekretaris Jan Bantjes die verklarings van Potgieter aangeteken. Die egtheid hiervan is uiters belangrik; ook die verduideliking hoe die Traktaat eers met 'n ander omhulsel toegevou is en daarna in die leer bladsak geplaas is. Retief-hulle se ideaal, om amptelik grond te bekom, was dus 'n werklikheid. Sarel Cilliers het meegrypend na hierdie persoonlike oomblikke en historiese werklikheid asook die ondertekende dokument verwys. Dis nie 'n fantasie, 'n leuen deur honderde Voortrekkermans gefabriseer en die wêreld ingestuur nie.

LEESLYS

1. d' Assenville, V.E: Bloedrivier. Marnix, Weltevredenpark.2000

2. Bergh, J.S. (Red.): Herdenkingsjaar 1988. De Jager - H.A.U.M. Pretoria. 1988.

3. Cory, G., Preller, G., Blommaert, W.: Die Retief-Dingaan-Ooreenkoms. Annale van die US. (Reds. Blommaert, Brain en Wilcocks). Serie B, No.1, Mei 1924. Dit bevat verwysings na 'n verskeidenheid ter sake werke.
4. Davenport, T.R.H.: South Africa, A Modern History. MacMillan, Londen. 1991.

5. De Jongh, P.S.: Sarel Cilliers. Perskor, Johannesburg. 1987

6. Duvenhage, G.D.J. : Van Die Tarka Na Die Transgariep.....1835-1840. Academica, Pretoria. 1981.
7. Gledhill, E. en J.: In the Steps of Piet Retief. Human en Rousseau, Kaapstad. 1980.
8. Liebenberg, B.J. : Andries Pretorius In Natal. Academica, Pretoria. 1977.

9. Muller, C.F.J.: Die Oorsprong Van Die Groot Trek. Tafelberg, Kaapstad. 1974.
10. Muller, C.F.J: Leiers Na Die Noorde. Tafelberg, Kaapstad, 1976

11. Oppermann, A.J.P.: Piet Retief, 'n Leier vir sy volk. Perskor, Johannesburg. 1986.

12. Potgieter, C en N.H. Theunissen: Kmdt.-Generaal Hendrik Potgieter. A.P.B., Johannesburg. 1938
13. Preller, G.S: Piet Retief. Nas. Pers, 10de druk, Kaapstad. 1920

14. Preller, G.S.: Andries Pretorius. 1937.

15. Pretorius, J.C. (Red.): Op Trek. Scripta Africana, Melville 1988.

16. Thom, H.B.: Die Lewe van Gert Maritz. Nas. Pers, Kaapstad. 1947

17. Van der Watt, P.B.: Die Ned. Geref. Kerk, 1652-1905, band 1-3. N.G. Kerkboekhandel, Pretoria. 1988.
18. Visagie, J.C.: Voortrekker-Stamouers, 1835-1845. Unisa, Pretoria. 2000.

19. Verskillende bande van die: Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, en talle publikasies van meer algemene, oorsigtelike aard aangaande die Trekker-Geskiedenis van Suid-Afrika.